Werkkaart 2015-9$\mathcal{A}$C-00004(4)

(1) Beskou die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| $1 \times 8 + 1 = 9$ | | [Getalsin 1] |
| $12 \times 8 + 2 = 98$ | | [Getalsin 2] |
| $123 \times 8 + 3 = 987$ | | [Getalsin 3] |

↓ ______________________________

↓ ______________________________

↓ ______________________________

↓ ______________________________

↓ ______________________________

↓ ______________________________

(a) Voltooi die volgende ses getalsinne (tot by getalsin 9) in die bogenoemde patroon, sonder die gebruik van ′n sakrekenaar.

(b) Voltooi die ry: $9\ ;\ 98\ ;\ 987\ ;\ \ldots\ldots.$

(c) Bereken die verskil tussen die terme van die ry in (b) en skryf dit as ′n ry.

(d) Beskryf die patroon van die ry in (c) in woorde.

(2) Die vierde, sewende en twaalfde terme van 'n ry is onderskeidelik $4;\ 13$ en $28$.


(a) Het hierdie ry 'n konstante verskil? Indien wel, wat is die konstante verskil?

(b) Voltooi die ry vanaf term $1$ tot by term $10$.

(c) Bepaal $T_n$, die algemene term.

(d) Watter term in die ry sal gelyk wees aan $235$?

(3)



(a) Skryf twee rye neer – een vir elk van die aantal wit en die aantal grys driehoeke.

(b) Bepaal die aantal wit en die aantal grys driehoeke in patroon 8.

(c) Hoeveel driehoeke sal daar in patroon 12 wees?